

90

1926 - 2016

WAT

Woordeboek van die Afrikaanse Taal

TESTAMENTÊRE BEMAKING AAN DIE WAT

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* is die grootste projek ooit rondom Afrikaans. Dit is Afrikaans se omvattende en gesaghebbende verklarende woordeboek wat die taal in sy wydste omvang weerspieël. Naas boekformaat verskyn die WAT ook in elektroniese formaat op die internet wat dit ook selfoontoeganklik maak.

Opleiding word verskaf aan woordeboekmakers, onderwysers, leerders asook studente van Suid-Afrika en ander Afrika-lande. Op nasionale vlak bied die eenheid opleiding en steun aan die woordeboekeenhede van die ander amptelike tale en 'n gratis telefoniese taaldiens aan die publiek. Die eenheid geniet internasionale status en publiseer die vaktydskrif *Lexikos* met bydraes in Afrikaans, Nederlands, Engels en Frans. Met Nederlandse befondsing verskyn twee Etimologiewoordeboeke. Volgens die Tienjaarplan van die WAT, sal die woordeboek teen die einde van 2028 tot by Z voltooi wees. Die doelwitte vir die eerste jaar is bereik en slegs nege jaar word benodig vir die voltooiing.

REDES VIR 'N BEMAKING

VIR DIE WOORDEBOEK:

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal kan slegs voortgaan met sy werk deur die donasies van ondersteunende gebruikers van die taal. Die huidige jaarlikse staatsubsidie bedra R2 miljoen. Dit beteken dat daar 'n jaarlikse tekort van net meer as R7 miljoen bestaan.

VIR DIE WELDOENER:

'n Bemaking aan die WAT kwalifiseer vir boedelbelastingdoeleindes as 'n aftrekking.

Daar sal 'n tasbare bewys van u nalatenskap wees in die vorm van die Woordeboek.

Daar sal 'n nie-tasbare bewys van u nalatenskap wees in die status wat die WAT aan Afrikaans gee.

WAT KAN DIE BEMAKING BEHELS ?

'n Spesifieke bedrag

'n Bepaalde belegging - soos aandele

'n Lewens- of uitkeerpolis met die WAT as begunstigde

'n Persentasie van die boedel

Die restant van die boedel

HOE?

Maak die bemaking in u testament of voeg 'n kodsil by die bestaande testament. Die WAT kan behulpsaam wees met voorbeelde met die gepaste bewoording.

Maak 'n blywende bydrae tot Afrikaans

WAT Trust, Posbus 245, Banghoekweg 115, 7599, Stellenbosch, RSA Tel.: +27 (0) 21 8873113 Faks.: +27 (0) 86 5582739

E-pos: wat@sun.ac.za Internet: <http://www.wat.co.za>

WAT Trust (IT 4338/99), OSW 039-691, OWO 130000289

Trustees: Mnr. J.A. Holtzhausen (Voorsitter), mnr. P. Aucamp, dr. W.F. Botha, mnr. R.P. Gouws,
me. C.G. Lackay, mnr. D.G. Meyer, mnr. H.G. Raubenheimer, prof. A. Schoonwinkel.

Eretrustee: Dr. M. Phosa